Tussenresultate persverklaring vir die ses maande geëindig 31 Desember 2022

REMGRO BEHOU POSITIEWE VERDIENSTE-MOMENTUM TEN SPYTE VAN 'N UITDAGENDE BEDRYFSOMGEWING

- **Wesensverdienste per aandeel: op met 5.7% vanaf 592.3 sent tot 626.2 sent**
- **Tussendividend per aandeel: op met 60.0% vanaf 50 sent tot 80 sent**
- **Intrinsieke netto batewaarde per aandeel soos op 31 Desember 2022: op met 5.0% tot R223.86 vanaf 30 Junie 2022**

Die tweede helfte van die 2022-kalenderjaar is wêreldwyd steeds gekenmerk as 'n tydperk van makro-ekonomiese en geopolitiese onstabiliteit, grootliks weens die Rusland-Oekraïne-oorlog, en gevolglike geopolitieke spanninge, versnellende kommoditeitspryse en gepaardgaande inflasionêre druk vanweë ontwrigtings in die verskaffingsketting. In die Suid-Afrikaanse konteks is globale druk in hierdie tydperk vererger deur ernstige kragverskaffingsprobleme, stadige vordering met ekonomiese en strukturele hervorming, asook rentekoersstygings. Daarby het die Suid-Afrikaanse BBP in die vierde kwartaal van 2022 met 1.3% afgeneem. Ondanks hierdie uitdagings is Remgro meer as bemoedig dat sy omsigtige bestuur, sterk finansiële posisie en vertoningsrekord ten opsigte van kapitaaltoewysing (soos bewys deur die veerkragtigheid van sy portefeulje) die maatskappy in staat gestel het om, ondanks sterk wind van voor, sy positiewe verdienste-momentum te behou. Ons gaan voort om te verseker dat ons besighede goed gekapitaliseer en gereed is om die huidige ekonomiese druk te hanteer.

In hierdie tussentydperk het Remgro voortgegaan om op die voltooiing van verskeie korporatiewe aksies te fokus as deel van sy voortdurende portefeulje optimaliseringspogings. Terwyl regulatoriese rompslomp lei tot vertragings in die verkryging van goedkeuring, bly Remgro en sy onderskeie strategiese vennote verbind tot die suksesvolle implementering van hierdie transaksies.

Dreigemente van 'n wêreldwye resessie bly relevant terwyl sentrale banke poog om inflasiebekamping en die beskerming van ekonomiese groei te balanseer. Die gelyktydige toename in inflasie en rentekoerse plaas voortgesette druk op globale ekonomieë. Terug op eie bodem lyk die prentjie steeds somber, met verskeie uitdagings, waaronder die agteruitgang van die land se kragverskaffingsvermoë en gepaardgaande infrastruktuurprobleme, asook die onlangse plasing van Suid-Afrika op die internasionale gryslys, wat voortgaan om ernstige beperkinge op groei te plaas.

Vir die tydperk onder oorsig het wesensverdienste met 5.5%, vanaf R3 345 miljoen tot R3 529 miljoen toegeneem, terwyl wesensverdienste per aandeel (WVPA) met 5.7%, vanaf 592.3 sent tot 626.2 sent, toegeneem het. Die resultate is nie direk vergelykbaar met die vorige tydperk nie weens die impak van verskeie korporatiewe bedrywighede. Hierdie gedempte toename weerspieël dus nie die onderliggende vertoning van Remgro se veerkragtige portefeulje nie.

Die toename in wesensverdienste is hoofsaaklik meegebring deur die hoër bydraes van OUTsurance Group Beperk (OUTsurance Group) (voorheen Rand Merchant Investment Holdings Beperk (RMI)) se voortgesette bedrywighede, Kagiso Tiso Holdings Eiendoms Beperk (KTH), Community Investment Ventures Holdings Eiendoms Beperk (CIVH) (ommekeer na winsgewendheid) en FirstRand Beperk (FirstRand), sowel as hoër rente-inkomste (as gevolg van verhoogde Suid-Afrikaanse repokoersvlakke). Die toename is deels teengewerk deur laer bydraes van TotalEnergies Marketing South Africa Eiendoms Beperk (TotalEnergies), RCL Foods Beperk (RCL Foods) en Grindrod Beperk (Grindrod) (weens sy ontbondeling). Daarby het die vergelykende tydperk ook bydraes van Grindrod Shipping Holdings Beperk (Grindrod

Shipping) (wat verkoop is) en die beëindigde bedrywighede van OUTsurance Group ingesluit (OUTsurance Group het sy beleggings in Discovery Beperk (Discovery) en Momentum Metropolitan Holdings Beperk (Momentum Metropolitan) ontbondel, asook sy belegging in Hastings Group Holdings plc (Hastings) verkoop).

Uitgesluit die impak van Grindrod, Grindrod Shipping en OUTsurance Group se beëindigde bedrywighede (korporatiewe aksies), is die toename in wesensverdienste van die res van die portefeulje ongeveer 30.0%.

Totale verdienste het met 19.9% tot R3 951 miljoen (2021: R4 932 miljoen) afgeneem hoofsaaklik as gevolg van Remgro se gedeelte van die wins wat OUTsurance Group gerealiseer het met die verkoop van sy belegging in Hastings (R1 478 miljoen) gedurende die vergelykende tydperk. Dit is gedeeltelik teengewerk deur die wins gerealiseer op die ontbondeling van Remgro se belegging in Grindrod (R340 miljoen) en die toename in wesensverdienste soos hierbo bespreek (R184 miljoen).

Kommentaar op die wesensverdienste bydrae van elk van die onderliggende rapporteringskategorieë word in die ongeouditeerde tussenresultate vir die ses maande geëindig 31 Desember 2022 hiermee saam vrygestel.

Remgro se intrinsieke netto batewaarde per aandeel het met 5.0%, vanaf R213.10 op 30 Junie 2022 tot R223.86 op 31 Desember 2022, toegeneem. Die sluitingsaandeelprys op 31 Desember 2022 was R133.03 (30 Junie 2022: R129.91), wat ‘n diskonto van 40.6% (30 Junie 2022: 39.0%) tot die intrinsieke netto batewaarde verteenwoordig.

Vir die ses maande geëindig 31 Desember 2022, is 'n bruto tussendividend van 80 sent per aandeel verklaar uit inkomstereserwes ten opsigte van beide die gewone aandele sonder pariwaarde en die ongenoteerde B- gewone aandele sonder pariwaarde.

Jannie Durand, hoofuitvoerende beampte van Remgro, sluit af: *“Ondanks die ooglopende uitdagings en negatiewe vooruitsigte op ‘n wêreldwye skaal, en ook Suid-Afrika se eie unieke uitdagings, glo ons dat ons goeie vertoningsrekord ons in staat sal stel om die huidige storms die hoof te bied en steeds ons visie gestand te doen om ‘n betroubare en voorkeur beleggingshouermaatskappy te wees wat volgehoue en volhoubare waarde vir belangegroepe skep. Deur die lesse geleer uit die globale pandemie ter harte te neem, wat getoon het dat goeie bestuur die grondslag vorm van ‘n portefeulje se vermoë om op onvoorsiene omstandighede te reageer, bly ons optimisties oor ons groeivooruitsigte en oor die van ons land. Ons glo dat enige van hierdie groeivooruitsigte slegs ontsluit kan word met verbeterde uitvoering van ekonomiese en strukturele hervormings deur 'n vennootskapbenadering tussen die private sektor en die regering.”*

Kontak:	**Remgro Beperk**
	Lwanda Zingitwa (Beleggerverhoudings): investor.relations@remgro.com
Uitgereik en versprei deur:	**Remgro Beleggerverhoudings**
Uitreikingsdatum:	**23 Maart 2023**
JSE en A2X aandelekode:	**REM**
Webwerf:	**www.remgro.com**

REDAKTEUR SE AANTEKENINGE

Groepprofiel

Remgro, wat oorspronklik in die 1940's deur wyle dr Anton Rupert tot stand gebring is, se beleggingsportefeulje het sedertdien aansienlik uitgebrei en bestaan tans uit onderliggende beleggings versprei oor nege kategorieë. Die maatskappy is op die Johannesburgse Effektebeurs (JSE), wat in Suid-Afrika deur die JSE Beperk bedryf word, in die sektor "Finansieel – Finansiële Dienste – Beleggingsbank en Makelaarsdienste – Gediversifiseerde Finansiële Dienste" genoteer, met die aandelekode "REM". Die maatskappy het sedert 3 Januarie 2022 ook 'n sekondêre notering op die A2X. Remgro se belange bestaan hoofsaaklik uit beleggings in die gesondheidsorg, verbruikersprodukte, finansiële dienste, infrastruktuur, nywerheid en media industrieë. Remgro se mees wesentlike beleggings is soos volg: Mediclinic International plc (Mediclinic) (44.6%-belang), OUTsurance Group (30.6%-belang), CIVH (57.0%-belang), Distell Group Holdings Beperk (Distell) (31.7%-belang), RCL Foods (80.2%-belang), Siqalo Foods Eiendoms Beperk (Siqalo Foods) (100.0%-belang), FirstRand (2.2%-belang), Discovery (7.8%-belang), Air Products South Africa Eiendoms Beperk (Air Products) (50.0%-belang), TotalEnergies (24.9%-belang) en KTH (43.5%-belang). Hierdie beleggings dra ongeveer 85% tot Remgro se intrinsieke netto batewaarde (INBW na belasting) by.

Resultate in konteks

In die huidige en vergelykende tydperke het Remgro korporatiewe aksies geïmplementeer en gefasiliteer wat 'n invloed op die vergelykbaarheid van Remgro se wesensverdienste van tydperk tot tydperk gehad het. Hierdie korporatiewe aksies sluit, onder andere, die verkoop van Grindrod Shipping (Januarie 2022), die ontbondeling van Grindrod (Oktober 2022) en die herstrukturering van OUTsurance Group, gedurende die 2022-finansiële jaar, in. Beide Grindrod Shipping en Grindrod is geëkwiteer en R267 miljoen is ingesluit in Remgro se wesensverdienste ten opsigte van Grindrod Shipping in die vergelykende tydperk tot 31 Desember 2021, terwyl Grindrod R60 miljoen vir die tydperk onder oorsig (2021: R158 miljoen) bygedra het.

Gedurende die 2022-finansiële jaar het OUTsurance Group sy beleggings in Discovery en Momentum Metropolitan ontbondel (die OUTsurance Group-ontbondeling) asook sy belegging in Hastings verkoop. OUTsurance Group het hierdie beleggings (geklassifiseer as beëindigde bedrywighede) geëkwiteer en vir die vergelykende tydperk het Remgro se gedeelte daarvan, wat by wesensverdienste ingesluit is, R351 miljoen bedra. As gevolg van die OUTsurance Group-ontbondeling het Remgro Discovery- en Momentum Metropolitan-aandele ontvang en beide beleggings as finansiële instrumente teen billike waarde deur ander omvattende inkomste geklassifiseer. Remgro verantwoord nou dividendinkomste uit hierdie beleggings en slegs dividende ten bedrae van R80 miljoen is in die tydperk onder oorsig van Momentum Metropolitan ontvang en by wesensverdienste ingesluit.